


MATIE- *-land*



JAARGANG 5 NOMMER 2 AUGUSTUS 1961

UNIVERSITEIT
VAN
STELLENBOSCH

***Versprei u Beleggings
en
Beveilig u Kapitaal***

Belê u spaarfondse deur

**FEDERALE
VOLKSBELEGGINGS
BEPERK**



*Vir Besonderhede
Skryf aan:*

**Posbus 3079,
KAAPSTAD.**

**Posbus 2911,
JOHANNESBURG.**

**Posbus 333,
BLOEMFONTEIN.**



Cuide Meester

Likeurbrandewyn


Eerste Prys en Goue Medalje
Half-eeuse Wynskou Londen




BESTE BRANDEWYN IN DIE BRITSE RYK

OUD-242

r-e-k hulle



was hulle



Wolnit

SUPER

REKNYLON EN WOL-EN-REKNYLON

◀ VIR MANS EN SEUNS ▶

Die Sokkies wat Voete kry

• Een grootte pas elke voet



Bank
en spaar
by u eie bank

U voel tuis
by

VOLSKAS
BEPERK

(*Geregistreerde handelsbank*)

Hoofkantoor: Pretoria

43
jaar
se
uitstaande
beleggings-
en
versekerings-
dienste

Sontam se beleggings- en versekeringsdienste het oor 'n tydperk van 43 jaar al meer vertroue by die publiek ingeboesem sodat Santam en sekuriteit vandag sinoniem geword het.

Waarom beleggings by Santam nog steeds vinniger styg:— Aantreklike rentekoerse, tans $3\frac{1}{2} - 5\frac{1}{2}\%$, rente halfjaarlikс betaalbaar.

Sekuriteit bewys deur: 43 jaar se ononderbroke en bevredigende dienste sonder 'n pennie verlies aan rente of kapitaal deur 'n enkele kliënt, hoë reserwedekking en algehele afwesigheid van spekulatiewe bates of tipe besigheidstransaksies. Santam is ook 'n geregistreerde depositonemende instelling.



TRUST: RENTE SONDER RISIKO

Ook op die gebied van versekerung kan u volle beskerming en gemaedrus geniet deur ten volle by SANTAM te verseker teen: Storm, brand, ongevalle en siekte, inbraak, openbare aanspreeklikheid, eise insake motor- en derdepartyversekerung, of watter skade of verlies ook al.



VERSEKERING SAL VERGOED

MATIELAND

UITGEGEE VIR OUDSTUDENTE EN DONATEURS

DEUR DIE

UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH

ONDER REDAKSIE VAN

BUN BOOYENS

MET MEDEWERKING VAN

DIE AFDELING OPENBARE BETREKKINGE

JAARGANG 5 · AUGUSTUS 1961 · NO. 2

I N H O U D

REDAKSIONEEL

| | |
|-------------------------------|---|
| Die Eise van Ons Erfenis | 7 |
| Woon of Werk u nog daar? | 8 |
| Nuus van Heinde en Verre | 8 |

UNIVERSITEITSNUUS

| | |
|---|----|
| Nuwe Aanstellings | 8 |
| Dosente Oorsee | 8 |
| Uitdienstrede van prof. P. E. de Waal | 9 |
| Kerninstituut van Suidelike Universiteite 'n Werklikheid | 9 |
| Sakelui in die Suide steun die Eeu feesfonds | 10 |
| Groot Kunsfees in September | 13 |
| Nuwe Leessaal van die Fakulteit van Regte | 13 |
| Uitbreiding van Huis de Villiers en Harmonie | 15 |
| Instelling van Ph.D.-graad (Geneeskunde) | 15 |
| Aansoeke om erkenning van Honneurs- of B.Ed.-grade | 15 |
| Amptelike Inwyding van Nuwe Senaatsaal | 22 |

ARTIKELS

| | |
|--|----|
| Enkele Navorsingsprojekte aan die Universiteit van Stellenbosch | 16 |
| Ontspanning-in-Sport | 24 |
| Engels Spes. or Cui Bono? | 32 |
| 'n Kos huis Kies sy Koers | 34 |
| | |
| SÓ ONTHOU EK MATIELAND | 37 |
| SÓ BOU HUL MATIELAND | |
| Studente steun Eeu feesfonds | 40 |
| | |
| OUD-MATIEBOND TAKKE | |
| Dundee | 41 |
| Port Elizabeth | 41 |
| Pretoria | 41 |
| Sasolburg | 42 |
| Oos-Rand (Rom-Rom) | 42 |
| VAN HEINDE EN VERRE | 43 |
| ONS ONTHOU HULLE | |
| †Prof. Ben Taute | 44 |

BUITEBLADFOTO:

In die binneplein van die pas voltooide Eendrag — nuutste studentekoshuis.

Die Eise van ons Erfenis

SELFS al is ons reeds weer terug op die vlaktes van die daaglikse taak na die plegtigheid en feesvreugde van 31 Mei 1961, mag *Matieland* nie die geleentheid van sy eerste verskyning onder die republikeinse bedeling laat verbygaan sonder om sy genoeë en dankbaarheid oor die gebeure te boekstaaf nie.

Stellenbosch was oor die jare heen intiem verbonde met die lief en leed van ons nasiewording en volkstrewe. Sedert die jare 1903 tot 1905, toe 'n aantal teruggekeerde Boere-krygsgevangenes na die ou Victoria-Kollege gekom het om hul onderbreekte studies voort te sit of van voor af aan een of ander kursus aan te durf, het die republikeinse ideaal as blywende element in die strewe van talle studente en oud-Maties voortbestaan. Groot leiers is in die voorlesingsale en verenigingslewe gekweek en besiel en hul bydrae tot ons konstitusionele selfstandigwording word vandag met diepe erkentlikheid in herinnering geroep. Dit was hul nie almal beskore om 'n ideaal van geslagte in vervulling te sien gaan waarvoor daar soveel gestry, gely en gebid is nie.

Menige oud-Matie sal hom/haar die geleenthede uit hul studiejare voor die gees kan roep toe aktuele en toekomsvraagstukke met tipiese studente-vuur belig en byna verteer is. Daar was die hewig beredeneerde vrae waarvoor in die kamers, eetlokale en op wandelinge antwoorde gevind moes word. Daar was die goedgepropageerde debatte tussen studente, dosente en spesiaal genooide besoekers en die wisselende trant van studenteblaaie en -tydskrifte. Daar was die politieke verhoog en die volksfees waar die Grotes 'n boodskap vir die „leiers van môre“ gehad het. Daar was die jare van onsekerheid toe debatspunte soos „die gesagstaat versus die demokrasie“, „sal S.A. 'n witmansland bly?“ en „behoort S.A. 'n republiek te word?“. — gelukkige keuses was wat die sale volgepak het. Die oud-Matie wat sy aandeel hieraan geneem het, glimlag vandag met genoegdoening, verheug hom oor die uiteindelike uitsluitsel wat gegee is oor sommige, en laat die oorblywende vrae oor aan die huidige geslag om verder te beredeneer.

Die huidige geslag in Matieland doen dit ook terdeë en met geen geringer vuur en selfversekerdheid as hul voorgangers nie. Hul taak verskil egter ingrypend van dié van hul voorgangers: waar dit by die oud-Maties gegaan het om die republikeinse ideaal brandend en lewendig te hou, word die huidige en toekomstige generasie geroep om die bewys te lewer dat hul die ideaal van hul vaders en moeders waardig sal wees. Op watter skouers rus die swaarste verantwoordelikheid? Die deelname van 97 persent van die stemgeregtigde Maties aan die referendum, die geesdrif oor die uitslag, die luisterryke Republiekfees in die Stadsaal, die gees van 'n verskeidenheid van studentepublikasies, — alles spreek van 'n wesenlike en verblydende lewenserns van die student by die aanvaarding van sy taak as jong republikein.

Die Universiteit van Stellenbosch self — ernstig bewus van sy plig teenoor die huidige geslag — sal moet voortgaan om leiers, denkers, tegnici en wetenskaplikes te lewer waaraan die jong Republiek so 'n dringende behoeft sal voel. Bowe-al sal die Universiteit mense moet lewer wat tegelyk so ruim van gees en tradisievas sal wees dat daar aan die noodsaklike bouwerk wat wag vreesloos gewerk sal kan word dog steeds met inagneming van die historiese grondslae waarop ons Republiek totstandgekom het.

Wat wyle dr. D. F. Malan reeds in 1918 van Suid-Afrika as *jong Unie* gesê het, kan die erfgename van die *jong Republiek* gerus in hierdie tyd en vir die toekoms op die hart bind:

„Zuid-Afrika is een jong land. Op velerlei gebied is men daarom nog steeds bezig om terrein te kiezen en fondamenten te leggen. Dat er onder zulke omstandigheden problemen zijn die opgelost en moeilikheden zijn die overwonnen moet worden, spreekt vanzelf. Maar problemen en moeilikheden zijn de wanhoop en de versperring alleen voor de versleten krachten. Waar het jonge, frisse leven tintelt, daar dienen zij slechts als een uitdaging.“

Woon of werk u nog daar?

MEER as honderd eksemplare van ons vorige *Matieland* het na 'n vlietende uitoggie druiptert weer na ons lessenaar teruggekeer met die lakoniese boodskappie „Vertrek” haastig oor die adres gekrabbel. *Ons verneem graag waarheen oud-Maties van tyd tot tyd vertrek*, en sal dan graag toesien dat *Matieland* op u spoor volg. (Adresveranderings aan: *Die Afdeling Openbare Betrekkinge, Universiteit van Stellenbosch.*)

Nuus van Heinde en Verre

MATIELAND verwelkom nuusbrogkies oor die doen en late, prestasies en aspirasies van oud-Maties wat op hul beurt weer geesdriftig verneem na die welstand en werkkring van hul tydgenote. Die rubriek *Van Heinde en Verre* sou graag meer persoonlike nuus wou plaas indien oud-Maties saam met hul bydrae tot die „*Matieland*”-Fonds (ons saak van eer) 'n berigcie oor hulself en oud-Matiesbekendes sou stuur.

Universiteitsnuus

Nuwe Aanstellings

DR. HENDRIK ANDRIES LOUW, senior lektor in Mikrobiologie aan die Universiteit van Stellenbosch, is met ingang 1 Februarie vanjaar bevorder tot hoogleraar in hierdie vak.

Nadat Hendrik Andries Louw in 1947 aan die Paarlse Hoër Jongenskool gematrikuleer het, is hy na die Universiteit van Stellenbosch waar hy in 1951 die graad B.Sc. in Landbou en in 1955 die graad M.Sc. in Landbou (cum laude) met Mikrobiologie as studierigting verwef het. In 1956 het hy met behulp van 'n beurs van die Koringraad sy studies aan die Macaulay-Instituut vir Grondnavorsing te Aberdeen, Skotland, voortgesit. Hier het hy in 1958 die graad Ph.D. in Mikrobiologie verwef.

Hy is op 1 Januarie 1952 aangestel as lektor in Mikrobiologie aan die Universiteit van

Stellenbosch en in Januarie 1959 is hy bevorder tot senior lektor.

Verskeie publikasies in verband met Grondmikrobiologie het reeds van sy pen verskyn.

MNR. D. G. GILLHAM, lektor in Engels aan die Universiteit van Stellenbosch, is met ingang 1 Julie 1961 aangestel as senior lektor in die plek van mnr. W. R. Martin wat 'n betrekking in Kanada aanvaar het.

MNR. C. J. VAN WYK, is met ingang 1 April 1961 aangestel as navorser in die Buro vir Ekonomiese Ondersoek van die Universiteit.

DR. C. J. RABIE, senior lektor in Plantsiekteleer aan die Universiteit van Pretoria, is aangestel as senior lektor aan die Universiteit van Stellenbosch.

Die volgende lektore is aangestel: Mnr. J. E. K. de Vynck in Frans, mnr. M. L. Truu in Ekonomie, mnr. A. C. L. Henderson in Engels, mnr. J. J. Cruywagen in Chemie, dr. D. H. Voelker in Wiskunde en mnr. R. E. Ottermann in Musiek (Orrel).

Dosente Oorsee

PROF. DR. C. L. WICHT, Dekaan van die Fakulteit van Bosbou van die Universiteit van Stellenbosch, is uitgenooi om op 27 Oktober vanjaar 'n lesing te hou by geleentheid van 'n simposium van hidroloë, siviele ingenieurs, aardrykskundiges en geoloë in Bonn. Prof. Wicht, 'n baanbreker op die gebied van hidrologiese navorsing, sal praat oor: *Forest hydro-*



*Prof.
dr. H. A. Louw.*

logical research in Africa South of the Sahara.
Die simposium vind piaas onder beskerming
van die *Deutsche Afrika-Gesellschaft*.

Prof. Wicht sal ook Bosboufakulteite en
navorsingsinrigtings in Duitsland en Holland
besoek met die oog op moontlike uitbreidings
hier te lande.

PROF. DR. G. G. CILLIÉ, professor in Wis-
kunde, sal vanaf die begin van September
vanjaar vir vyf maande by die Smithsonian
Astrophysical Observatory in Cambridge,
Massachusetts, werkzaam wees. Vóóraf (Julie
en Augustus) besoek prof. Cillié Amerikaanse
sterrewagte en sal hy ook 'n vergadering van
die Internasionale Unie vir Sterrekunde in
Berkeley, Kalifornia, bywoon.

PROF. DR. J. M. DU TOIT, professor in
Sielkunde, sal op uitnodiging van die Inter-
nasionale Federasie van Verenigings vir Elek-
troensefalografie en Neurofisiologie 'n gevord-
erde kursus en 'n besprekingsgroep in verband
met elektroensefalografie vanaf 28 Augustus
tot 2 September in Marseilles, Frankryk, by-
woon. (Stellenbosch is die enigste Universiteit
in Suid-Afrika wat op hierdie gebied navor-
sing doen).


PROF. DR. A. G. HOOPER, hoof van die
departement van Engels van die Universiteit
van Stellenbosch, het 'n professoraat aanvaar
aan die Universiteit van Montreal in Kanada.
Prof. Hooper, wat aan die Universiteit van
Leeds, Caen (Frankryk) en Yale gestudeer het,
is in 1935 as lektor aan die Universiteit van
Witwatersrand aangestel. In 1945 is hy aan die
Universiteit van Stellenbosch aangestel.

DR. M. J. TOERIEN, senior lektor in die
Anatomie, sal in 1962 met behulp van 'n
toekenning van die *United States Public
Health Service* navorsing in verband met die
eksperimentele embriologie onder prof. C. L.
Yntema aan die *State University of New York*
te Syracuse doen.

MNR. F. J. BURGER, lektor in die Fisiologie,
sal van Augustus 1961 tot Junie 1962 met 'n
beurs van die W.N.N.R. in die V.S.A. studeer.

DR. J. P. JANSEN, senior lektor in
Geografie, sal in September, op uitnodiging
van die *United States — South Africa Leader
Exchange System*, 'n reeks lesings oor die
Geografie van Afrika aan die *Western College
for Women, Ohio*, waarneem.

Prof.
P. E. de Waal.



Uitdienstrede van Prof. P. E. de Waal

PROF. P. E. DE WAAL, hoogleraar in Land-
bou-Economie aan die Universiteit van Stel-
lenbosch sedert 1953, het aan die einde van
Julie laaslede sy betrekking neergelê. Hy lê
hom tans op die beesboerdery in die distrik
Zeerust toe.

Pieter Eksteen de Waal is in 1912 in Zeerust
gebore en het sy hoëskool-opleiding op Stel-
lenbosch geniet. In Julie 1936 het hy die graad
M.Sc. in Landbou aan die Universiteit van
Stellenbosch behaal en is daarna na die Uni-
versiteit van Cornell waar hy in 1937 die graad
M.Sc. Agric. verwerf het.

Tussen 1938 en 1942 was hy aan die
staatsdiens verbonde en daarna, tot 1944, as
lektor in Landbou-Economie aan die Univer-
siteit van Stellenbosch. In 1945 het prof. De
Waal andermaal tot die staatsdiens toegetree
totdat hy vanaf 1950 professor in Landbou-
Economie aan die Universiteit van Natal ge-
word het. In 1953 is hy aangestel as hoog-
leraar op Stellenbosch. Tussen 1938 en 1948
was prof. De Waal lid van 'n span landbou-
kundiges wat uitvoering gegee het aan 'n op-
drag om die land in te deel en af te baken
in sy verskillende natuurlike boerderystreke.
Tydens hierdie omvattende werk, waarvan
prof. De Waal vier jaar aan die hoof was, is
die hele land deurreis en elke distrik en dorpie
sowel as duisende boere besoek.

Prof. De Waal het reeds sedert 1946 boerde-
rybelange in die omgewing van Zeerust.

Kerninstituut van Suidelike Universiteite 'n Werklikheid

DIE Beheerraad van die Kerninstituut van die
Suidelike Universiteite is op 20 Mei vanjaar
op 'n vergadering te Bellville gekonstitueer.

Die instituut is reeds vroeër vanjaar as 'n maatskappy sonder winsmotief geregistreer.

Die lede van die Beheerraad is: Prof. dr. H. B. Thom (Rektor van die Universiteit van Stellenbosch), voorsitter; prof. J. P. Duminy (Rektor van die Universiteit van Kaapstad), onder-voorsitter; prof. P. B. Zeeman, sekretaris; proff. W. E. Frahn en A. C. Cilliers van die Universiteit van Stellenbosch; proff. W. Schaffer, F. J. Holliman en R. Guelke van die Universiteit van Kaapstad; dr. A. J. A. Roux van die Raad op Atoomkrag; dr. S. M. Naudé van die W.N.N.R.; dr. L. Retief van die Provinciale Administrasie; mnr. C. H. Brink wat die georganiseerde handel in Kaapland verteenwoordig, en mnr. L. D. Smith wat die georganiseerde nywerheid in Kaapland verteenwoordig.

Van regeringsweë en deur ander instansies is reeds R617,000 aan die instituut belowe. Die Beheerraad het besluit om die basiese komponente van 'n Van de Graaff-versneller van $5\frac{1}{2}$ miljoen elektron volt teen ongeveer R365,000 aan te koop. Hierdie groot masjien

wat in 'n 80 voet hoë gebou gehuisves word, sal hopelik teen September, 1962 afgelewer word en teen daardie tyd moet die spesiale versnellergebou en laboratoria opgerig wees. 'n Hoofwetenskaplike en bedryfsingenieur sal binne afsienbare tyd aangestel word.

Die Instituut sal op neutrale grond tussen die twee universiteite geleë wees en wel op 'n terrein van 150 morge grond aan die seekant van die Klipfonteinpad tussen die lughawe D. F. Malan en Faure.

Sakelui in die Suide Steun die Eeuvesfonds

OP Saterdagaand, 22 April, vanjaar het 'n groot aantal leidende sakelui van die Suide met hul eggenotes 'n dinee in *Lydia*, dameskoshuis van die Universiteit, bygewoon. Die gasheer en -vrou by die geleentheid was dr. en mev. Anton Rupert. Die Rektor van die Universiteit van Stellenbosch en mev. Thom, die Registrateur en mev. Pretorius en die Dekane

By geleentheid van die dinee van sakelui van die Suide. V.l.n.r.: Prof. H. B. Thom, mev. F. D. du T. van Zijl, mnr. J. Marais (Besturende Direkteur van Trustbank), mev. A. E. Rupert, dr. A. E. Rupert (Besturende Direkteur van die Rembrandt-groep van Maatskappye), mev. H. B. Thom en prof. dr. F. D. du T. van Zijl.



85

Vir kwaliteit en waarde

Westminster 85

M·A·T·I·E spells



Ja, ons weet wat dit spelle! Grosvenor daarenteen, staan vir die Kaap se vooraanstaande Ford-handelaars en garagediens.

Kom besigtig die nuutste Ford-modelle in ons toonkamers—die elegante Galaxie en Fairlane, twee groot motors van formaat; die Falcon en Taunus, middelslagmotors met ongewone waarde, en die pragtige, klein maar kragtige Anglia.

As u weer eendag in Kaapstad is, bel gerus 2-5521 vir 'n afspraak om u eie motor deeglik te laat nasien—ons voortreflike garagediens as gemagtigde Ford-handelaars is wyd en syd bekend.

Grosvenor Motors

STRANDSTRAAT 73, KAAPSTAD. BEL 2-5521

GENIET DIE BESTE!



Geniet Suid-Afrika se

HEERLIKSTE

VRUGTE EN GROENTE

Dit is vir u
ingemaak deur...

KOO



van die verskillende Fakulteite met hul gades was ook aanwesig.

Dr. Rupert het namens die *Uitvoerende Komitee van die Eeu feesfonds* die woord gevoer. „Ons volk se toekoms hang af van die Universiteite, van hoe slagvaardig ons bly, van hoe ons presteer, en nie van die mate waarmee ons onsself met wette beskerm nie,” het dr. Rupert verklaar. Spreker het aangevoer dat die pad na die ruim nie 'n toeval of gelukskoot was nie, maar dat ten grondslag daarvan wetenskaplike, tegniese, intellektuele en geestestoewyding lê. In die lig hiervan het dr. Rupert dit sy gehoor ter bedenking gegee of die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel nie mense kweek wat te veel speel en te min werk nie.

Dr. Rupert het voorts sterk steun toegesê aan die vyfjaarplan van die Universiteit van Stellenbosch en met waardeing gewag gemaak van die meer as R100,000 wat reeds deur die Universiteitspersoneel bygedra is. Dr. Rupert het hierna die volgende aankondiging gedoen: „Die Direksie van die Rembrandtgroep van maatskappy het besluit om R250,000 vir universiteite (blank, gekleur en Bantoe) te stem. Hiervan ontvang Stellenbosch R50,000 vanweé ons noue betrekkinge met die Universiteit, vanweé ons ligging en vanweé die personeel hiervandaan betrek. Die Rembrandtgroep het reeds 'n vyftigtal gegradsueerde van Stellenbosch in sy diens.”

Groot Kunsfees in September

NA die besondere sukses van die eerste Kunsfees in 1958 het die Universiteitsowerheid besluit om dit 'n driejaarlikse instelling te maak. In medewerking met die Stadsraad en ander liggeme bied die Universiteit van Stellenbosch weer vanjaar *vanaf 8 tot 16 September* 'n groot Kunsfees aan.

Mimi Coertze sal na verwagting spesiaal van Wenen oorkom, om 'n konsert te gee. Die Kaapstadse Stadsorkes sal twee uitvoerings gee by watter geleentheid die Uniefeeswerke van die Stellenbosse komponiste Arnold van Wyk en Hubert du Plessis vir die eerste keer in Kaapland opgevoer sal word.

Verdere musiekprogramme sluit in die jaarlikse Studentesangfees, 'n kamermusiekuitvoering, 'n uitvoering van gewyde musiek en 'n klavieruitvoering deur die besoekende pianis Peter Katin.

Die klassieke drama „Antigone” van

Sophokles sal onder regie van Fred Engelen opgevoer word.


Reëlings word getref vir die uitstalling deur verskeie bekende Suid-Afrikaanse kunstenaars, 'n uitstalling van ou silwer en van Kaapse veldblomme. 'n Reeks van vyf lesings oor verskillende vertakkings van die kuns en 'n reeks etensuurkonserte word ook in die vooruitsig gestel.

Aan die spits van die reëlings van hierdie omvattende program staan mnr. R. Behrens, Direkteur van Konservatorium vir Musiek.

Nuwe Leessaal van die Fakulteit van Regte


OFSKOON in die *Universiteit van Stellenbosch-Wet, 1916*, voorsiening gemaak is vir die oprigting van 'n Regsfakulteit, het dit eers in 1920 tot stand gekom. Sedertdien het talle studente die B.A. (Regte)-, B.Comm. (Regte)-, LL.B.- en LL.D.-grade aan hierdie Universiteit behaal en dit is waar dat hierdie persone met besondere onderskeiding in alle vertakkinge van die regslwe dien. Die Stellenbosse Gamaliëls met hul dissipels het in die loop van die ongeveer veertig jaar van die bestaan van hierdie fakulteit, waardevolle dienste aan die land op die gebied van regstudie in regsbeweefing gelewer.

Tot op groot hoogte is die sukses van hierdie betreklik jong Fakulteit toe te skryf aan die boekeskatalogus waaroor dit beskik. Van die begin af is besondere aandag gewy aan die opbou van 'n regsbiblioteek wat geskik sou wees, nie alleen vir gewone naslaandoelindes nie, maar ook vir gevorderde navorsingswerk op die gebied van die regte. Oor die jare heen is gesaghebbende werke en waardevolle tydskrifreeke, wat tans onverkrybaar of peperduur is, stelselmatig en oordeelkundig aangekoop. Veral was dit die alombekende en tans afgetroede leermeester, prof. W. M. R. Malherbe, wat vir hierdie versiende aankoopsbeleid verantwoordelik was. Vir homself het hy op dié wyse 'n monument opgerig wat veel meer blywende waarde as enige marmersuil het. Verder het die Universiteit ook verskeie waardevolle versameling van regsboeke as geskenke ontvang en was besonder gelukkig om die groot versameling van wyle appèlregter F. W. Beyers en wyle prof. H. D. J. Bodenstein te bekom. Hierdie boekeskatalogus, wat ongëwenaard in Suid-Afrika is wat betref tydskrifreeke en werke oor ou en nuwe vastelandse — veral



Dosente van die Fakulteit van Regte van die Universiteit van Stellenbosch: Voor, v.l.n.r.: Prof. dr. J. C. de Wet en prof. dr. W. M. van der Westhuizen (Dekaan). Ager, v.l.n.r.: Prof. dr. J. P. Yeats, adv. K. F. J. Schwietering en prof. dr. A. B. de Villiers. (Die gemeenskaplike belangstelling hier is 'n regspublikasie van die vroeg-sestiede eeu.)

Rustige studie-omstandighede vir regstudente.



Romeins-Hollandse — reg, was tot onlangs in verskeie kamers van die Carnegie-biblioteek gehuisves. In die loop van hierdie jaar, met die ingebruikneming van die nuwe noordelike vleuel van die biblioteek wat ook die Africanaafdeling huisves, is al die regsboeke van die Universiteit in een groot leessaal (plus minus 115' x 40') tuisgebring. In die toekoms sal geen regstudent kan kla oor die biblioteekfasiliteite wat hier aangebied word nie. Die leestafels staan tussen die rakke waarop die rye outeurs nie alleen deftig vertoon nie maar as't ware oor-en-weer ten aanhoure van die student oor elke „jota en titel van die wet“ betoog. In die rustige atmosfeer van die stil en afgesonderde saal met sy gesellige beligting, smaakvolle meubelering en goeie temperatuurreëling, groei die regskennis en regsgemoed van die student by elke doelgerigte besoek. Dit verbaas ons dus ook nie dat die saal so druk deur studente besoek word nie.

Ofskoon die meeste mense dit nie besef nie, bestaan daar 'n geweldige behoefte aan goed-opgeleide juriste in Suid-Afrika. Deur die nuwe leessaal teen hoë koste aan te bou, het die Universiteit weereens getoon dat hy alles in sy vermoë sal doen om in hierdie behoefte te probeer voorsien.

Uitbreiding van Huis de Villiers en Harmonie

DIE Raad van die Universiteit het op sy jongste vergadering besluit om die dameskoshuise *Huis de Villiers* en *Harmonie* teen 'n beraamde koste van R40,000 en R128,000 respektiewelik uit te brei. Die beoogde uitbreidings sal meebring dat in *Huis de Villiers* 32 en in *Harmonie* 92 addisionele studente gehuisves kan word. Alle pogings word in die werk gestel om ten minste die uitbreiding van *Huis de Villiers* voor die aanvang van die akademiese jaar 1962 te voltooi.

Die Raad het verder besluit om die *selfbedieningstelsel* wat reeds met besondere welslae by die koshuise *Eendrag* en *Huis ten Bosch* funksioneer, ook by *Huis de Villiers* en *Harmonie* in te voer.

Instelling van Ph.D.-Graad (Geneeskunde)

DIE Universiteitsraad van Stellenbosch het vroeër vanjaar besluit om, benewens die M.D.-graad, ook 'n Ph.D.-graad (Geneeskunde) in die Fakulteit van Geneeskunde in te stel. 'n Kandidaat kan tot die graad van Doktor in

die Wysbegeerte (Geneeskunde) toegelaat word:

- (i) vier jaar nadat hy die Baccalaureusgrade in die Geneeskunde en in die Snykunde van die Universiteit verwerf het, of nadat hy 'n ander kwalifikasie verwerf het wat na die oordeel van die Senaat van 'n voldoende standaard is; en
- (ii) mits hy vir ten minste een jaar vir die graad van Doktor in die Wysbegeerte (Geneeskunde) ingeskryf was.

Die graad Ph.D. (Med.) sal egter nie vir registrasie as spesialis by die S.A. Geneeskundige en Tandheelkundige Raad kan dien nie.

Aansoeke om Erkenning van Honneurs- of B.Ed.-Grade

TEN gevolge van onderhandelinge wat die Universiteit van Stellenbosch met die Kaaplandse Onderwysdepartement gevoer het, het die Departement tevore die Universiteit in kennis gestel dat hy bereid sou wees om Honneursgrade (of die B.Ed.-graad) wat verleent is op grond van die suksesvolle aflegging van die Magisterseksamen voordat Honneursgrade aan die Universiteit ingestel is, vir salarisdoeleindes te erken met terugwerkende krag vanaf 1 Januarie 1960, op voorwaarde dat aansoek daarom gedoen word *nie later as 30 Junie 1961* nie. Sedertdien het die Universiteit van Stellenbosch, na verdere onderhandelinge, berig ontvang dat die Kaaplandse Onderwysdepartement bereid is om die bogemelde sluitingsdatum (30 Junie 1961) uit te stel na *31 Desember 1961*.

Kortkursus in Huishoudkunde

DIE gebruiklike kortkursus in Huishoudkunde tydens die Julievakansie het vanjaar om en by driehonderd belangstellendes in die nuuttoegeruste Huishoudkundegebou bymekaar gebring. Dit was ook 'n gewaardeerde reuniegeleenthed vir 23 oud-huishoudkundestudente van die Universiteit, deel dr. M. E. Jooste, hoof van die departement, mee. Die voorbereiding van volledige kitsmaaltye was die hoof tema. Kursusgangers het die besoek aan die goedtoegeruste kombuisie van Universiteitskoshuise, wat ook as laboratoria vir Inrigtingbestuur dien, besonder leersaam gevind. Die dames het met 'n kitsgebaar R60 gekollekteer en in die Huis-houdkunde-boufonds gestort.

Enkele Navorsingsprojekte

aan die Universiteit van Stellenbosch

DIE soeke na nuwe kennis en die daaruit voortkomende diens aan die mens en die veredeliking van die beskawing, is vandag tegelyk die stukrag en loon van die navorser op elkevlak van die kennisveld. Navorsing—die versamel van gegewens, die beplanning van prosedure en metode, die interpretasie van waarnemings—het vandag vir die wêrelde en in ons eie land gegroei tot 'n intense weetgierige en dienswillige menslike bedrywigheid. Saam en inge-arm daarvan beweeg omvattende programme, nywerheidsontwikkeling, regeringssonderneming en universiteitsprojekte. Die besef het alom ingesypel dat deeglike, ondersteunde en doelgerigte navorsing een van die magtigste werktuie in die hand van die mens is vir die daarstelling van nuwe produkte, nuwe geneesmiddels, nuwe tegnieke, nuwe dienste, nuwe aanvraag en nuwe welvaart.


Tot by die aanvang van die kontemporêre industriële rewolusie in ons land het die oorwig van wetenskaplike navorsing in ons universiteite gesetel, dog sedertdien het die universiteite sterk mededingers en/of bondgenote ondervind in die navorsingsprogramme van regerings- en nywerheidsweë of selfs van private instansies. Ten aansien van die eise van die tyd waarin ons lewe, is dit van die grootste belang dat navorsers in hierdie laboratoria werkzaam sal wees, *dog dit is van fundamentele belang* dat universiteite die verantwoordelikheid sal onderneem om daardie navorsers te kweek en te besiel vir werk buite universiteitsverband en dat die universiteite self sal voortgaan om hul afsonderlike bydrae in die vorm van inwendige navorsingsprojekte te lewer.


Hierin het die Universiteit van Stellenbosch nooit in gebreke gebly nie. Ondanks die hoë finansiële eise wat gevorderde navorsing stel en ondanks die feit dat sy navorsers ook noodsaaklike dosseerwerk moet verrig, doen die Universiteit navorsingswerk van hoogs gespesialiseerde gehalte wat in 'n verskeidenheid van rigtings en vir die land as geheel van aktuele belang is.

'n Besoek aan die talle laboratoria van die Universiteit van Stellenbosch beïndruk deur die omvang en doelgerigtheid van die navorsingswerk wat onderneem word. *Matieland* belig slegs enkele van hierdie eenhede by wyse van 'n illustrasie en toelighting in leketaal.

Fisiologie

Silikose is 'n internasionale probleem wat die Republiek van Suid-Afrika, in 'n besondere sin raak. Die Suid-Afrikaanse mynstof is baie gevaaerlik en as gevolg van langdurige inaseming veroorsaak dit longletsels wat die mynwerker binne die bestek van twee tot twintig jaar gedeeltelik of totaal ongeskik vir meganiese arbeid maak. Deur middel van die Warburg-tegniek kon in die departement van Fisiologie onder leiding van dr. F. M. Engelbrecht, die invloed van stof op die respirasie van selle en respiratoriiese ensieme nagespeur word en is vastgestel dat die stof die aktiwiteit van die respiratoriiese ensieme sodanig onderdruk dat die selle as gevolg van 'n uitgesproke hipoksietoestand afsterf en dus vervang word deur bindweefsel. Op die foto kontroleer dr. F. M. Engelbrecht, senior lektor in Fisiologie, werk aan die apparaat deur mej. A. Claassens, tegniese assistente.






Fisiologie

Die verband tussen fisiologie en motoriese fiksheidstoetse is deur dr. M. W. P. Nienaber, senior lektor in Fisiologie, nagegaan.

Bo: Die proefpersoon stap 'n platform 20 duim hoog eenmaal elke 2 sekondes op en af en hou dit ritmies vol vir 5 minute.


Regs bo: Onmiddellik daarna word die proefpersoon se suurstofopname (Benedict-Rothapparaat; links) en hartsnelheid (Elektrokardiograaf agter proefpersoon se bene) gelyktydig oor 5 minute deur dr. Nienaber gemeet. Die Harvard fiksheidssindeks, vanaf die hartsnelheid bereken, word dan met die suurstofopname vergelyk.



Erflikheidsleer

Die vernaamste kenmerke van plaasdiere is hul vermoë om te produseer en te reproducer. Die resultate van telleksperimente oor hierdie kenmerke is beide van teoretiese sowel as van praktiese belang.

In die departement van Erflikheidsleer word die klein *Drosophila*-vliegie gebruik om situasies na te boots wat in die praktyk en in die natuur voorkom en wat 'n invloed het op homogeneerde hoofkennertjie van plaasdiere en ander organismes. In bygaande eksperiment is nagraadse student J. H. Louw besig om die reproduksievermoë te bepaal van vier teelgroepe wat onderskeidelik blootgestel is aan intelliging, seleksie, kruising en bestraling.




Die erfbeplapers of gene wat die bestaan en hoedanighede van lewende dinge bemiddel en beheer, kom op mikroskopiese liggaampies of Chromosome in elkeen van hul selle se kerne voor. Deur koringplantte met 'n normale stel (42) te vergelyk met dié waarvan één uit die stel ontbreek, kan vasgestel word vir watter kenmerk 'n besondere chromosome met sy gene verantwoordelik is.

Hierdie is die grondslag vir 'n belangrike tegniek vir die bepaling van die erfgrondslag van belangrike kenmerke by koringvariëteite, soos hul reaksie teenoor roes en ander siektes, in die bepaling van die teelwaarde van die variëteite.

Hier vergelyk nagraadse student C. E. de J. Louwscher, wat onder leiding van prof. F. X. Laubscher, professor in Erflikheidsleer, werk, twee plantte en hul verwante saailinge wat daarin verskil dat by een 'n besondere chromosome ontbreek soos uit die afbeelding (omtrent 500 maal vergroot) van 'n mikroskoopbeeld blyk.






Fisika

Die spektrograaf het sedert 1868, toe prof. Kirchoff van Heidelberg, Duitsland, die wet geformuleer het dat elke element sy eie karakteristiese spektralyne uitstraal, nog altyd een van die handigste hulpmiddels vir die ontleiding van allerhande soorte stowwe gebly. Onlangs is 'n nuwe tegniek ontwikkel om die stof wat ontleed moet word, in die opwekkingsbron, die vonk, in te voer. Die stof word naamlik op gewone kleefband gesstrooi en die band word deur die vonk getrek waar opwekking plaasvind. So 'n bandmasjién kos kommersieel sowat R2000; maar 'n bruikbare een is in die werkswinkel van die Fisikadepartement gebou. Daarmee is vir die eerste maal onveraste plantmateriaal suksesvol ontleed. Mnr. W. J. Naudé, M.Sc.-student in Fisika, staan hier by die bandmasjién, terwyl prof. P. B. Zeeman, onder wie se leiding die navorsing gedoen word, 'n instelling maak op die Multibron-opwekkingseenheid, wat ook in die departement gebou is. Op die voorgrond is die Hilger Medium-Spektrograaf waarop die verskillende spektra gefotografeer word.

Die meeste mense is bekend met die gewone spektroskoop wat die lig afkomstig van 'n ligbron in sy verskillende kleure of liewers golflengtes ontleed. 'n Massaspektrometer daarenteen ontleed 'n gasmengsel of 'n vaste stof volgens die massas wat daarin aanwesig is. Daar bestaan verskillende soorte massaspektrometers; sommige wat baie ingewikkeld is en tot R38,000 en meer kos.


Die type wat mnr. T. C. von Ludwig, M.Sc.-student in Fisika, vir sy tesiswerk ondersoek is die sogenaamde „Vlugtyd“-massaspektrometer. Die beginsel waarop dit werk is dat die verskillende stowwe in ionvorm gebring word in 'n versnellingsbuis waar 'n uiters kort spanningspuls daarop inwerk en die verskillende ione as gevolg daarvan begin reisies hardloop langs die buis af. Die ligstes kom die eerste by die wenpaal (die elektriese detektor) aan en daarna kom die swaarderes in massa-volgorde, een na die ander, daar aan. Die detektor registreer die verskillende massas asook hul relatiewe hoeveelhede, en so kan 'n kwalitatiewe en kwantitatiewe ontleiding gemaak word. Baie van die apparaat is deur die elektronikategnikus van die Fisikadepartement, mnr. F. Hamm, gebou. Mnr. M. C. B. Snit, lektor in Fisika, wat saam met prof. P. B. Zeeman toesig oor die navorsing hou, neem hier 'n aantal waarnemings saam met mnr. Von Ludwig.



Hout

Hout krimp of sit uit ("beweeg") soos die klimaat wissel. Deure sit vas in die reënseisoen of vloere ontwikkel oop voëe in die droë seisoen. Deur die hout met sekere stowwe te behandel, kan die "beweging" beperk word.

Om die verskille in reaksie van verskillende houtsoorte op klimaatswisselingte te bepaal en die doeltreffendheid van die verskillende stowwe te meet, is toestelle vervaardig waarmee die "beweging" outomaties, tot 400 maal vergroot, regstreer kan word. Die toestelle met die houtmonsters word in 'n geslote ruimte geplaas, die klimaat daarin na willekeur verander en die uitwerking daarvan op verskillende onbehandelde en behandelde houtsoorte vasgestel. Prof. dr. G. L. F. Hartwig, professor in Houttegnologie, kyk hier toe terwyl mnr. J. J. A. Schoeman, tegniese assistent, 'n verstelling aan die apparaat maak. Agter laasgenoemde kan die geslote ruimte gesien word waarin die hout aan willekeurige klimaats-toestande blootgestel word.




Graantegnologie

Een van die belangrikste funksies van die afdeling Graantegnologie is om reeds op 'n vroeë stadium die kwaliteit van nuwe kruisings uit die koringeelprogram van die Departement van Landbou te bepaal. Aanvoerwerk in hierdie rigting is reeds deur wyle prof. J. S. Marais, bygestaan deur prof. J. T. R. Sim, tans Dekaan van die Fakulteit van Landbou, gedoen. Dr. P. W. Vorster, huidige Sekretaris van Landbou-Tegniese Dienste, het ook 'n groot bydrae tot die navorsingswerk gelewer.

Aangesien die bakbedryf met stygende tempo gemeganiseer word, is dit noodsaklik dat alle variëteite wat aan produsente beskikbaar gestel word, nie slegs goeie agronomiese eienskappe moet besit nie, maar dat die kwaliteit van hoë gehalte moet wees. Jaarliks word groot getalle koringmonsters vir hierdie doel ontleed en dit kan met reg gesê word dat die afdeling 'n nasionale diens lewer. Proefnemings word ook gedoen met die kwaliteitsbepaling van hawer, rog, gars en kafferkoring.

Op meegaande foto is mnr. T. C. Lochner, hoof van die afdeling Graantegnologie, besig om die deeg-eienskappe van 'n nuwe koringkruising te bepaal. (Let op die deegballetie by die linkerhand van die navorser).






'n Nuwe koringvariëtit word hier deur mnr. J. P. Kotzé, vak-kundige beampete, op die eksperimentele meul gemaal.

Veeeteelt

Dr. F. J. van der Merwe, senior lektor in Veeeteelt, by skape en kalwers in metaboliese kratte. Voerinnname word hier noukeurig gekontroleer en die uitskeidings van die diere word versamel en ontleed. Op die oomblik is die proewe veral toegespits op die gebruik van korrelvoere en die bepaling van die nuttige energie in voere en voermengsels met behulp van die bomkalorimeter. Die gegewens word nuttig gebruik in die saamstel van gebalanseerde rantsoene, die droogtevoeding van diere en die vroegspeen van kalwers.





Mnr. L. P. Vosloo, nagraadse student in Veteelt, besig om, in die wollaratorium van die Stellenbosch-Landsberg Landboukollege van die Universiteit, die gemiddelde veseldikte van 'n wolmonster met 'n Lugvloeimeter te bepaal. Met hierdie en ander apparaate in die laboratorium word navorsing gedoen aangaande die woleienskappe van verskillende skaaprasse en die invloed van seleksie-, omgewings- en voedingsfaktore daarop.

Die Navorser

Die voortreflikheid van die skeppende navorsing is reeds sewe eeue gelede deur *Roger Bacon* (circa 1214—1294) geloof en bewonder: „Now among all the benefits that could be conferred upon mankind I found none so great as the discovery of new arts, endowments and commodities for the bettering of man's life. For I saw that among the crude people in primitive homes that authors of inventions were consecrated and numbered among the gods . . .”

* * *

Die ideale navorser is deur *Sir Francis Bacon* (1561—1626) voorgehou „ . . . as having a mind nimble and versatile enough to catch the resemblances of things, and at the same time steady enough to fix and distinguish their subtler differences; as being gifted by nature with desire to seek, patience to doubt, fondness to meditate, slowness to assert, readiness to consider, carefulness to dispose and set in order; and as being a man that neither affects what is new nor admits what is old, and hates every kind of imposture . . . ”



Amptelike Inwyding van die Senaatsaal

DIE waardige, nuwe Senaatsaal wat deel vorm van die westelike uitbreiding van die Administrasiegebou is op Vrydag, 12 Mei amptelik in gebruik geneem. Die funksie het 'n senaatsitting onmiddellik voorafgegaan. Eregaste by die geleentheid was mev. Maria Malan en dr. R. W. Wilcocks, terwyl 'n aantal afgestreden professore ook die verrigtinge bygewoon het. Vyf skilderye van manne wat intiem verbonde was met die groei van die Universiteit van Stellenbosch versier



Die Senaat in sitting in die nuwe Senaatsaal.


die mure, t.w. dié van wyle dr. D. F. Malan, in lewe Kanselier van die Universiteit; prof. R. W. Wilcocks, voormalige Rektor; ds. J. H. Neethling, verteenwoordiger van die stigters van die Universiteit; prof. J. I. Marais, Voorsitter van die Kollege Raad, 1882 — 1912, en prof. Thomas Walker, professor aan die Victoria-Kollege 1878 — 1916.

Die Rektor, prof. H. B. Thom, het met waardering gewag gemaak van die besondere bydrae wat elk van hierdie leiers in die wordings- en ontwikkelingsgeskiedenis van die Universiteit gedoen het. Prof. Wilcocks het in sy boodskap die eenheid van boustyl wat die Universiteit bewaar het, geloof.

Hierdie indrukwekkende saal waarin die professore van die Universiteit voortaan sal beraadslaag, is ontwerp deur mnr. J. B. Collins, die bekende argitek van die Eikestad.

ONTSPANNING-IN-

SPORT




DIE deursnee-student van die Universiteit is 'n jongmens tussen die jare 19 en 23. Dit is die presiese jare waarin hy, gemeet aan sy fisiese krag en geestelike potensiaal, 'n intens-aktiewe bestaan moet voer. Dog as jongmens wat op Stellenbosch in die eerste plek student moet wees, beland hy—direk teen sy natuur—in die situasie waar hy tussen tien en twaalf uur per dag doodstil moet sit en werk. In baie gevalle moet die individuele student die eise wat 'n jong, aktiewe liggaam stel, links laat lê ten einde reg te laat geskied aan die „akademie“. Dit is dan ook die verstandigste gedragslyn.

Deelname deur die maksimum getal studente aan sport as *ontspanning*, nie as mededingende sport in die eerste plek nie, word in die jongste tyd meer en meer deur die sport-

owerhede beklemtoon. Tans neem \pm 40% van alle studente aan een of ander vorm van sport-ontspanning deel. Die Sportkomitee van die Raad stel dit as sy ideaal om hierdie syfer tot 80% op te skuif. Dit is die ideaal dat elke student wat liggaamlik of geestelik daartoe in staat is, aan ontspanning-in-sport waarby prestaties 'n ondergeskikte plek inneem, sal deelneem. Daarby sal nie slegs die algemene gesondheids- en akademiese aspekte van die studentelewe baat nie, maar sal die plafon van individuele en spanprestasies outomatisies hoër opgeskuif word.

Hierdie nuwe benadering het tans ook 'n splinternuwe element in die organisasie van sport aan die Universiteit na vore gebring: sportfasiliteite word nader aan die student, na

Litte-losmaak op Coetzenburg.



sy koshuis gebring in plaas daarvan dat die student dit buite koshuisverband moet gaan soek. Die instelling van koshuisligas ten opsigte van bepaalde sportsoorte blyk tegelyk 'n uiters gelukkige stap en 'n prikkel tot grootskaalse ontspanningsbedrywighede te wees. Verder het die daarstelling van ontspanningsfasiliteite in die onmiddellike nabyheid van koshuise dié voordeel dat dit die hardwerkende student in staat stel om 'n vrye halfuurtjie nuttig en heilsaam vir sy gees en liggaam deur te bring.

Die Sportkomitee van die Universiteit van Stellenbosch verskaf fasiliteite vir die beoefening van die volgende sportsoorte: voetbal, krieket, atletiek, swem, mans- en dameshokkie, sagtebal, bofbal, mans- en damestennis, boks, stoei, sokker, netbal, jukskei, skerm, gewigoptel, gimnastiek, pluimbal, gholf, tafeltennis en judo.

Altesame 850 studente neem vanjaar aan voetbal deel. Daar is dertien onder-negentien-, sewe senior- en een-en-dertig koshuisspanne. Laasgenoemdes ding in drie koshuisligas mee, maar almal is lede van die Klub. Die kompetisies geskied dus onder beskerming van die W.P.-Rugby-Unie, trouens die wenners van die verskillende koshuiskompetisies speel teen die wenners van die Kaapse seksies om bekers. Koshuisrugby geniet meer en meer aandag en geniet allerwee 'n groot aanhang. Dit word tot op groot hoogte deur die koshuise self georganiseer met inagneming van koshuis- en akademiese omstandighede, maar 'n spesiale komitee onder beheer van die Bestuur van die Klub doen aanbevelings aan die Bestuur rakende beleid, reëlings ensomeer. Koshuisrugby in die Eikestad (waarby ook spanne soos dié van P.S.O., die Kweekskool en die studente in Ge-




Verkwiklike ledige halfuurtjie.




Maandagmiddag, 4 nm., langs Huis van Niekerk.





Groeponderrig


Links: *Swem—dié sportsoort wat ook lewensbelangrik is.*



Regs: Dr. J. W. Postma, senior lektor in Liggaamlike Opvoeding, bring die basiese beginsels van tennis tuis aan 'n groep leergeriges deur die gebruik van tennissettespane.

Naelloper Ben-Piet van Zyl (regs) en afrigter S. A. Rousseau (tweede van regs) bespreek die korrekte weg-springposisie van die atleet met 'n groepie geesdriftige belangstellendes.





Soos 'n klomp uitgelate jong kalwers baljaar die Onder-Negentiens ten aanskoue van hul breiers op die Coetzenburg-A-veld.

neeskunde betrek is) is 'n unieke verskynsel, 'n bedrywigheid waarby elke mansstudent (en menige dame), watter lojaliteit hy ook daarop nahou, lewende belang het.

Wat krieket betref, is daar vyf spanne wat deelneem aan die W.P.-liga en verder nog ag spanne wat hul gewig by die koshuisliga inwerp. Aan tennis word toenemende aandag bestee veral omdat dit huis een van daardie vorms van ontspanning-in-sport is waarvoor studente op die koshuisterreine 'n uurtjie of wat kan afknyp. Tennis word dan ook deur die sportgwerhede na die koshuisse uitgedra. Met inagneming van winterweertoestande word afsonderlike koshuise van permanente tennisbaanoppervlaktes voorsien. Benewens die genot wat individuele spelers op sorgvrye wyse daaruit haal, neem drie mans- en drie damesspanne aan ligawedstryde deel, terwyl nie minder as dertien spanne die koshuisliga volstaan of liewer volspeel. Vyf-en-twintig nuwe tennisbane is huis deel van die program wat reeds geloods is.

Swem is die ideale luilekkerontspanning vir dié wat fisies nie oor-aktief wil wees nie. Vir diegene wat egter ook hier alles wil inwerp, is daar drie waterpolo-spanne om te haal. Vanweë die besonderse oordragswaarde daarvan na 'n gevorderde leeftyd, beskou die sportorganisierders tennis en swem as uiters belangrike

sportsoorte en word daar deeglike beginnerskursusse hierin aangebied.

Die Universiteit van Stellenbosch stoot ses mans- en ses dameshokkiespanne in die veld. Hopelik sal ook hierdie mooi sportvertakking vanaf volgende jaar op die gewilde interkoshuisbasis georganiseer word. Die Atletiekklub wat reeds sedert die sewentiger-jare van die vorige eeu bestaan, verteenwoordig die oudste georganiseerde sportsoort in Matieland. Die baanfasiliteite op Coetzenburg vir alle vertakings van atletiek vergelyk gunstig met dié elders in die land. Die sportkomitee begin reeds eersdaags met voorbereidings vir die groot Suid-Afrikaanse Junior Kampioenskapsbyeenkoms volgende jaar in April op Coetzenburg.

Op die skouers van die Sportkomitee en die Sportsekretaris en sy twee assistente rus die algemene organisasie van die verskillende sportsoorte. Inwendig word inisiatief in die hande van die klubs en die studente self gelaat: die kiesing van spanne, die byhou van rekords, die invordering van ledelinge en die samestelling van besture. Die Sportkantoor gee veral aandag aan verhoudings op sportgebied buite universiteitsverband, terwyl die sportklubs binne die universiteit in 'n groot mate hul eie sake reël. Terwyl die Sportsekretaris en sy assistente hulself verantwoordelikheid stel vir




Foto: The Cape Argus


Judo, die jongste erkende sportsoort aan die Universiteit wat groot aanhang geniet.

bepaalde sportsoorte en die verskillende klubs met raad en leiding bedien, ressorteer die administrasie van sportterreine en van die betrekkele finansiële implikasies onder die Sportkomitee van die Raad.

Die omvang van die sportorganisasie is indrukwekkend. Daar word weekliks vervoer vir nagenoeg dertig spanne gereël. Die koste aan die vervoer van spanne op sigself beloop jaarliks omtrent R8.000. Die Sportkantoor voorsien alle sportmateriaal aan studente. Die rekening vir rugbyballe, byvoorbeeld, beloop alleen R1.000 per jaar. Studente dra slegs die finansiële verpligting ten opsigte van persoonlike artikels, soos sportdrag. Die sportorganisasie beskik oor sy eie mediese fonds waaruit onkoste in verband met beserings gesubsidiëer word.

Daar word tans 'n tekort aan oefenvelde, ver-

Intervarsity in die skilderagtige Coetzenburg-omgewing. ('n Ikey-aanslag op die Matie-doellyn die enigste verontrustende element!)



al vir voetbal en hokkie, ondervind, dog die Universiteitsowerheid is voornemens om so spoedig doenlik 'n deel van die pasaangekoopte Coetzenburgplaas aan te wend vir die uitlê van bykomende sportvelde in daardie skilderagtige omgewing. Vyf rugbyvelde word tans reeds met gras beplant.

Ten grondslag van bogenoemde gespesialiseerde organisasie en van die ywer van die Universiteitsowerhede, lê die ideaal om 'n ge-


sonde studenteliggaaam vir inwoning deur 'n gesonde studente-gees te skep. Toegegewyde, suksesvolle studie bly die wese en kroon van ware studentskap. Hierin het die lewenslustige, jeugdige student 'n bondgenoot in die noodsaaklike ontspanning wat hy in sport vind. Die Universiteit van Stellenbosch is trots daarop dat hy hierdie ruime geleenthede binne die bereik van elke belangstellende student kan plaas.

'N GESONDE LIGGAAM HUISVES 'N GESONDE GEES.



Foto: Christo Botha

This is the life . . . and THIS IS THE BEER!



Friends, food, and cold Castle!

When the snacks are looking delicious, the guests have arrived and the fun's beginning - that's the time for cold Castle. With the first delicious taste you're sure - this is the life, and this is the beer. The friendliest, most satisfying beer of all. So refreshing, full of flavour, rich in wonderful healthful things. Cold Castle lager "goes good" with everything! The perfect refreshment, in cans and bottles.



**SOUTH AFRICA'S
FAVOURITE BEER**

Grant 345/6124-3

SUID-AFRIKAANSE STEENKOOL-, Olie- EN GASKORPORASIE, BEPERK VAKATURES VIR GEGRADUEERDES

As gevolg van uitbreiding in die omvang van ons tegniese bedrywighede, wil Sasol graag betrekings aanbied aan 'n aantal gegradeerde in die volgende kursusse:

Werktuigkundige Ingenieurswese.

Elektrotegniese Ingenieurswese.

Skeikunde.

(behalwe B.Sc.-gegradeerde, stel ons navorsingsafdeling besonder belang in persone met minstens 'n B.Sc (Hons.)-kwalifikasie.)

Poste is beskikbaar vir jong manne wat aan die einde van hierdie jaar sal graduere, asook vir persone

wat reeds praktiese ervaring opgedoen het.

Diensvoorraades sluit onder ander in ruim verlofvoordele, 'n vakansiebonus, pensioen- en mediese voordele. Die persone wat ons aansiel, sal die geleentheid hê om deur middel van hul werk in die fabriek 'n grondige praktiese kennis en wye ondervinding op te doen. Tesame hiermee kan 'n verdere teoretiese oogtergrond opgebou word deur gebruik te maak van die opleidingskursus wat aan die Tegnologiese Instituut van Sasolburg aangebied word.

Ons ontvang graag aansoeke of navrae op hierdie vraeë stadium sodat volledige besonderhede betyds verstrek kan word.

Rig u skrywe, met besonderhede van u loopbaan tot dusver, aan die

BESTUURDER, PERSONEELDEPARTEMENT, SASOL,
POSBUS 1, SASOLBURG, O.V.S.



DIE BANK VIR DIE SAKEMAN

DIE

STANDARD BANK

VAN SUID-AFRIKA BEPERK


(Geregistreerde Handelsbank)

SUID-AFRIKA SE MEES ERVARE BANKDIENS

ENGELS SPES. or CUI BONO?

by

Mr. C. K. Johnman, M.A., B.Educ.



Mr. C. K. Johnman.

NONE but the brewers could tell you what is the difference between Leopard Special and the other beers. The essence of the English Special Course, as offered at this University since 1931, is a similar mystery, even to some of the consumers. The title *English Special* strikes me as a little silly or even pretentious, but I cannot suggest a better. To call it *Practical English* would put a misleading emphasis on language as a tool, which is all very well, but you must use a tool on some material, and it is the quality of the material which counts. The Afrikaner student's needs are not really distinct from those of anyone else, for acquaintance with a language is not merely a social grace, like the ability to tinkle a tune or two on the piano. In the pursuit of elusive bilingualism we hear a good deal about this *working knowledge* of the other official language, the ability to get by socially or to handle *commercial, scientific* and heaven knows what brands of language. The attendant at a petrol pump can probably handle three

languages for his immediate purpose. Such abilities hardly lie at the heart of a degree course at a university. What we all aim at is communication: the power to express ourselves and to comprehend others, that is, to speak, write, listen and read. But a man might conceivably win a cup for public speaking, dash off articles for the press without a qualm and be an ardent subscriber to a public library and yet not come within sight of the goal of a university course. Slickness is not all.

Quality counts, even though some students may set themselves a goal no higher than the avoidance of grammatical errors. No miracles can be wrought in a one-year course; students cannot learn to astound their parents in 50 easy lessons. The course is not a systematic handing on to the students of fresh information; it attempts rather to fertilise with a thought and to check the quality of its formulation in words.

Like all courses, English Special is a good deal humbler in practice than its imposing

theory. Once a week groups of about ten students meet to discuss a controversial topic, preferably their own choice. If they are interested and can be persuaded to do some reading on the subject, the discussion will not be a pooling of ignorance, but a lively exchange of considered thoughts, in which it is hoped that the ardour of the opinion will break down the barriers of hesitancy in the language. Sometimes it works. Needless to say, the law students are generally the liveliest here. The same small sections have another weekly period when they consider the quality, motives and sincerity of pieces of writing whose authorship is unknown to them. A variety of material is used for contrast and comparison, including advertisements, pieces from the newspaper, concoctions by the staff, poor verse, poetry and extracts, good and bad, from writers of repute. By these means we try to introduce the students to a critical analysis of what is put before them so as to provide some sort of armour against the bombardment of the word in the daily environment. Similar work is part of the English I course, often of a more exacting standard because of the study of poetry and Shakespeare.

These small sections have one other weekly meeting, when they do written exercises of various types, some of which are similar to those done at school, e.g. essays, précis, comprehension tests. What does not take place is that never-ending "chosing of the correct word from those given in brackets", which masquerades as "Grammar" in so many of the classes which the students have had in their schools. Our exercises are aimed rather at heightening the pleasure of creative writing, at weighing the niceties of translation from Afrikaans, at learning to think things out for oneself, at reading between the lines and at detecting fallacies in argument and ambiguities of expression. For clear writing, clear thinking is the first essential. But writing can be clear and yet dull, uninspired or even insincere, so students are taught to guard against the cliché and other flotsam of unthinking thoughts.

As in English I, certain books are prescribed for study. The emphasis is on the novel, but the English Special Department feels free to include translations of famous authors, such as Ibsen and Chekov. Twice a week students attend lectures on the set books, but in this case there can be no grouping of the classes according to ability or interests as these big groups consist of approximately 60 students.


The schools have long admitted two stan-

dards in the official languages: the Higher and the Lower Grades, or with mock delicacy Higher and Ordinary Grades, or with algebraic impartiality A and B Grades. What are the universities to do? Many subjects offered at the universities are not school subjects at all, so students can begin level on the ground floor, other begin at a post-matric level, sometimes bridged by Beginners' Courses for those who have not taken those subjects at school. What of the official languages? Degree courses ought ideally to be level in standard. But are they?

The English Special Course introduced in 1931 under the direction of the late Mr. A. W. van der Horst has not yet evolved a full solution of the problem. The majority of students in English I are Lower Grade matriculants and English Special has a few Higher Grade matriculants, and this is perhaps as it should be, for neither course is a direct continuation of what was done at school, which is a source of bewilderment to so many first-year students of varying abilities. English I scoops off most of the cream, because the interests of those students are likely to lie in literature, and English I leads to further courses in English. No one can promote from English Special, which means that all are examined and the rate of failures is high. Candidates with a D symbol in the Lower Grade Matriculation are not likely to clear our hurdle. The rate of failures is high in English I too. Who shall say what the results would be if all these students took English I? Universities know that „soft options“ debase their currency and the English Special Department has always taken precautions against this, one of the most important of which is a sharing of staff: most of the lecturers who give courses in English I, II and III also work in the English Special Department.

From Mr. van der Horst's record book I see that there were 166 students in English Special in 1935. Nowadays we generally start the year with something like 250 students, many of whom find the ground too stony and drop out in the course of the year. English Special, in its time, has been compulsory for all sorts of studies, but this stumbling block has been removed from one course after the other by making it optional. But still our numbers grow and at present the Department has three full-time lecturers and the part-time services of five others from the English Department 'Proper'.

'N KOSHUIS KIES SY KOERS



Inwoners van Eendrag, elk met eie skinkbord,
kies hul eetgerei.



Help jouself . . . en kies jou plek by jou vriende in die ruim eetsaal.

EENDRAG, kind van die Uniefeesjaar en sestiente spruit van die koshuiskroos van die Universiteit van Stellenbosch, het met die aanvang van die akademiese jaar 1961 sy eerste skrede geneem en spoedig met stewige tred sy koers gevind.

Geleë op die noord-oostelike hoek van die terrein aangrensend aan die hokkievelde aan die bo-ent van Merrimanlaan, voltooi die gestalte van Eendrag die indrukwekkende koshuiskompleks wat in 1922 met die oprigting van Dagbreek aangevoor is. Ander waardige lede van hierdie koshuiskring is Huis van Niekerk (Sonop), Huis Marais, Huis Visser en Simonsberg (naaste buurman van die Benjamin).

Vanweë die feit dat hierdie tuiste vir mansstudente aan die begin van die jaar slegs halfvoltooid was, huisves hy tans slegs 170 jongmanne (seniors en eerstejaars), 62 waarvan eerstejaars is wat reeds gewerk of kursusse vóór hul universiteitsloopbaan elders gevolg het. In 1962 sal hy egter sy volle aandeel — 268 — aan die huisvesting van koshuisstudente neem en sal dan ook sy volwaardige bydrae lewer tot die unieke residensiële karakter van die Universiteit van Stellenbosch.

Nie alleen vanweë sy nuutheid nie, maar veral vanweë die keurige beplanning en die



ekonomiese aanwending van ruimte, skep die binnekant 'n aangename, huislike atmosfeer. Die behoud van twee sterk, sierlike bome gee die indruk van gevestigdheid aan die ruim, met gras beplante binneplein. Aan die straatkante word die terrein deskundig uitgelê. Die kamers is na die smaak van die inwoners — gesellig, dog voorsien met slegs die basiese geriewe. Daar is drie sitkamers beskikbaar vir die manne wat oor landsprobleme wil beraadslaag en vir die oorwerktes, 'n lugtige ontspanningslokaal geleë tussen die twee hoof-ingange.

Deur inskakeling by die voortreflike *selfbedieningstelsel* het *Eendrag* sommer by die aanvang van sy bestaan baanbrekerswerk verrig. Slegs in *Huis ten Bosch*, onlangs uitgebreide dameskoshuis in Bosmanstraat, het hy in hierdie nuwe benadering 'n kameraad wat vir dieselfde idee staan. Die kafeteria-stelsel gee inderdaad aan *Eendrag* 'n eie karakter ten opsigte van die huishoudelike organisasie. „Dit is” verklaar dr. F. C. Fensham, die Inwonende Hoof, „nie sodanig 'n *stelsel* nie as wat dit 'n *gees* is. Dit maak die inwonér van *Eendrag* in werklike sin 'n selfhelpende lid van die koshuisgemeenskap”.


Die gesellige eetsaal is spesiaal ingerig om die fasilitete wat aangebring is om die selfbedieningstelsel vlot te laat funksioneer tot hul reg te laat kom. Die inwoner kies sy eetgerei uit 'n spesiale apparaat en ontvang sy skinkbord geregte netjies gerangskik by die bedieningstoombank. Daarna stap hy na sy sitplek by sy besondere tafel en geniet die ete. „Seconds” kan hy altyd self weer afhaal.

By die eerste huisdinee in sy geskiedenis wat vanjaar op 17 Junie gehou is, het die manne van *Eendrag* hul verder daarin onderskei dat die bediening deur 'n aantal eerstejaarsmansstudente uit eie geledere self waargeneem is. Daartoe het hul hulself spesiaal deur 'n gesaghebbende op die gebied van die welléwendheid laat oplei! Op die eregaste, onder wie die Kanselier van die Universiteit, Sy Edele dr. T. E. Dönges, het hierdie flink demonstrasie van korrekte diensvaardigheid 'n diep beindruk gelaat.

In dié groot koshuis is daar slegs veertien kleurlingbediendes — geen naturelle — in diens. Die studente stel hul trots daarin om die verantwoordelikheid vir die aan-kant-hou van hul slaapkamers self te dra. Elke kamer het dan ook sy eie besem en stoeflap. Die Huiskomitee oefen kontrole uit oor die graad van sindelikheid van die deursnee-slaapkamer. Slegs die gange en die gemeenskaplokalen word deur bediendes aan kant gehou. Studente pas hul uitstekend aan by die reëling, verklaar die Inwonende Hoof. Eén van die heilsame uitwerkings van die selfbedieningstelsel is die gesonde verhouding wat daarmee tussen die studente en die Kleurlingbediendes geskep word, verklaar dr. Fensham verder.

Vir die waarnemer is dit spoedig duidelik dat die aandeel wat die inwoners in die huisvoering neem, hul die adel van arbeid en 'n sterk-sprekende huistrots inskerp. 'n Koshuis het inderdaad *eendragtiglik* 'n koers gekies waarop die mooisie wat in ons jongmense skuil na vorentoe blootgelê sal word.

Die saak word in die ontspanningslokaal uitgemaak.



Die Persoon Wat Kan Saampraat

LEES

Suid-Afrika se Mooiste Tydskrif

DIE
Huisgenoot

ORAL VERKRYGBAAR

10c.

U BESPAAR R1.70 PER
JAAR AS U INTEKEN
BY POSBUS 1802,
KAAPSTAD.



Intekengeld (per jaar): Unie en S.W.A., R3.50; Rhodesië, R3.70; Buiteland, R5.00.



FRICK SIG-SAG DE LUXE

Doen gewone werk, Knoopsgate, Knope, Omkap, Borduurwerk, Name skryf, ens.

MANDAANGEDREWE R53 :: MOTORAANGEDREWE P 6

VOORTREKKER-

WEG 35,
PAROW

TELEFOON
98-6489


Frick
- NAAIMASJIENE

SÓ

ONTHOU EK MATIELAND...

MNR. NICO J. UYS

(B.A. 1923, M.A. 1927, M.Ed. 1951),
bekende taal- en onderwysman en
tans Inspekteur van Skole met omgang Stellenbosch.



SOOS versoek deur die geesdriftige redakteur van *Matieland*, vertel ek hier die een en ander uit die dae toe ek student was. Dis darem nou al 42 jaar gelede dat ek die eerste keer na Stellenbosch gekom het en ek het al amper, so ongemerk ja, te oud geword om nog alles mooi te onthou. Wat ek wél onthou, is ongetwyfeld dié dinge wat in my eie lewe 'n onberekenbaar belangrike rol gespeel het en vandag 'n onvervreembare deel van my hele wese is. Want so is Stellenbosch: As hy jou eers vasgevat het en jy vir hom, kan geen mag ter wêrld dié inige verbondenheid vernietig nie!


In 1919 was Stellenbosch 'n betreklike klein dorpie — 'n tipiese Bolandse dorpie — met 'n eie karakter en 'n onweerstaanbare bekoring. Die beboude deel het nie veel meer omvat as die stukkie aarde van die stasie of ooswaarts tot by Cluverweg en die Jan Maraispark (waar ek nou woon), en van die Eersterivier af noordwaarts tot by Du Toit-stasie, met nog groot onbehoude ruimtes tussenin, (bv. die ou gholfbaan.) Suid van die Eersterivier was slegs 'n

paar ou koshuise en die groot plaas Coetzenburg; in Mostertsdrift was nog maar enkele huise, want hier was nog sulke jong plasies; en in die nuwe dorpsuitbreidings wat ons vandag ken as Simonswyk, Krigeville, Dalsig, La Colline e.d.m., was nog oop wêreld, waar studente van my dae nog vryelik kon gaan loop, as hulle verlang het na die geur van die veld en blomme, en goedkoop druwe kon kry sonder om te betaal. Die hele blanke bevolking van Stellenbosch was aan die begin van 1919 seker nog geen 3,000 nie. Trouens, aan die einde van 1922, (toe die eerste munisipale statistiek opgeteken is), was die bevolkingsyfers soos volg:

Blankes: 3,404; Kleurlinge: 3,903; Totaal: 7,307. Aan die einde van 1960 het 'n sensus die volgende uitslag getoon: *Blankes: 10,674; Kleurlinge: 9,651; Naturelle: 1,769; Asiate: 145; Totaal: 22,239.*

Hier kan ek my kwalik weerhou van te vra: of die bevolkingsgroei van Stellenbosch, uit die oog van die blanke besien, 'n gerusstellende tendens aandui!

Die dorp self was 'n rustige plekkie om in te woon. Die strate was nog nie geteer nie, en in die wintermaande ente, ente 'n byna onbegaanbare pappery van modder en deurweekte akkerboomblare en strome water wat uit die ouderwetse leislote alkante van die strate oorgeborrel het. Saans was die strate byna donker, want die elektriese lamppale was ver van mekaar en die lampies flou. Stellenbosch se klein ou kragstasietjie was gewillig, maar te swak. Die dorp was veilig, want 'n motorkar was inderdaad 'n luukse artikel en daarom baie skaars; en selfs fietse was min en versigtig, omdat geld so skaars en duur was. Ons huurmotors was



Mnr.
Nico J. Uys.

VOEG GLENRYCK-GENOT

BY DIE DIS!

Glenryck-sardientjies kom *net* uit die yskoue waters van die Weskus, waar hulle wei op onuitputlike velde *plankton*, die see se eie wondervoedsel. Hulle word gevang in die fleur van hulle groei, ryk aan lewensbelangrike kalsium, jodium, vitamine en proteïene – en kom vars uit die see in die blik! Sappige, ryk Glenryck-sardientjies is goed vir enige maaltyd – met slaai, in pastei, op roosterbrood!



GLENRYCK

- S A R D I E N T J I E S

S.A. SE GEWILDSTE SEEKOS - WORD ORAL TER WÈRELD UITGEVOER

VZ001164

Sing in die reën

Mens kan die reën terdeë geniet as jy daarop voorberei is. 'n Sambrel, 'n hoed, 'njas — en jy's reg. Suksesvolle, gelukkige mense is diegene wie dinge vooruit beplan en nie die noodlot te veel kans gee nie. Motor, seiljag, reis oorsee, huis, universiteitsgelde, inkomstebelasting — Dis glad nie onmoontlik nie. Baie mense het dit reeds. As u dit nog nie het nie, beplan daarvoor en maak gebruik van die volgende beleggingsfasilitete by SAAMBOU:

SPAAR (rente op daagliks saldo)
VASTE DEPOSITO'S (termyne 1 tot 5 jaar)
ONBEPALDE TERMYN-AANDELE
VASTE TERMYN-AANDELE
SUBSKRIPPIE-AANDELE
HUISLENNINGS OOK ALTYD BESKIKBAAR

(PERMANENTE)

SAAMBOU

Hoofkantoor: Posbus 4180, Kaapstad

WAAR U TUIS VOEL

BOUVERENIGING



V&R 2975/3

„baster deftige” koetse, wat deur twee stadige perde getrek is, en ons koetsiers ordentlike en gedienstige bruinmense wat vir min geld ons en ons nederige besittinkies veilig vervoer het!

Koshuise was min en tog goedkoop, en die student wat nie in Wilgenhof, Macdonaldhuis, ou Victoriahuis, Tertia, Quarta (vir mans), en Harmonie, Erfurthuis en Greylock (vir dames) 'n onderdak kon vind nie, kon in een van die baie private losieshuise of by byna enige vaste inwoner van Stellenbosch 'n onderdak vind. Daar was net een Hollandse Kerk (die pragtige ou Moederkerk); een ordentlike flik (die ou Rec.) wat deur ons optrede 'n „blanke” bioskoop geword het; net een voetbalveld (die ou Kollegeterrein wat vandag deur die Carnegiebiblioteek, die Administrasiegebou e.a. indrukwekkende geboue begrens word), en ook maar net een Lover's Walk — die nimlike *een* uit baie wat ons studente vandag al ook ken! Die Universiteit was ook nog *baie* klein. Die geboue het op twee na, almal op die terrein gestaan waar die mooi ou hoofgebou vandag nog die sentrale plek beklee. Die ander twee geboue was die gebou vir Opvoedkunde en die een vir die Natuurwetenskappe, wat aan die noordekant van die ou voetbalterrein opgerig was. Die Administrasiegebou was 'n eertydse nederige woning in Crozierstraat, skuins oor die ou biblioteek (waar SABRA vandag gehuisves word.)

En die studentetal? In 1918 slegs 558; en in 1919 nog geen 700 nie!

Die doserende personeel? Nog geen 50 nie, en 24 van hierdie getal was professore.

Die administratiewe personeel? Altesame slegs 6! Een van hulle was ons almal se vriend — Dawid Kriel — en die ander (ook 'n getroue vriend) mnr. W. van der Westhuizen wat onlangs — na 42 jaar diens, glo ek — uitgetree het.

Die onbetwiste opsigter van die universiteitsgeboue was die klassieke mnr. Johnson (beter bekend as dr. Johnson); en een van die getrouste bodes was Harry, wat onlangs, na 43 jaar diens aan ons Alma Mater, heengegaan is!

Ja, onvergeetlik bly hulle vir my — die professore, lektore en klasmaats van jare nou so lank al verby. Vanaand dink ek mos bewustelike weer aan hulle almal!

Ek dink aan die gevierrede professore van die Kweekskool wat telkens voor ons opgetree het as hulle 'n professorale preekbeurt moes waarnem of ons spesiaal oor die een of ander belangwekkende onderwerp toegespreek het. Ek dink aan die nederige, beminlike, byna mistie-

ke wese in mense-gedaante, die Kanselier van ons Universiteit en hoof van die Kweekskool, die dienskneg van die Here in onbevlekte offerdiens, die onvergeetlike prof. Marais. En naas hom dan die indrukwekkende gestalte, die vurige kampvechter en die begenadigde redeenaar, prof. Adriaan Moorrees. Ek dink aan die brose, brillante en begenadigde filosoof en teoloog, prof. Jannie du Plessis; en aan die nougesette, pligsgetroue, byna ongenaakbare student en dienaar, prof. E. van Rooyen. En my eie vakkundige leermeesters — sou ek hulle ooit vergeet? Prof. Johannes Smith, kampvechter vir en die eerste professor van Afrikaans in ons land? Prof. E. C. Pienaar, gevoelsmens, vaderlander, inspirator, raadgewer en onselfsugtige vriend — 'n redeenaar wat gepraat het „dat die telefoonrade getril en gesmelt het”! Prof. A. C. Bouman, 'n regte Hollander, knorrig en krities, maar buitengewoon knap en fynbeskaafd.

Dr. Fransie (ja, dr. F. E. J. Malherbe) — en nou het hy ook geen verdere bekendstelling meer nodig nie!

Dr. Lydia van Niekerk — ai, my, dat sy so vroeg moes sterwe! — sieraad onder die vroue, 'n Koningin in haar eie domein!

Proff. Blommaert, Gie, Notcutt, Francken, Wilcocks, Edgar, Grawie Cillié, Cruse, Taute, Engelbrecht, Van Braam, Friedländer; en al die ander geleerde, ook uit ander fakulteite as dié waarin ek meer bepaald betrek was — proff. Carel van der Merwe, D. F. du Toit, Van der Riet, Morrison, Mackenzie, Stegmann, Reimers en dr. Con de Villiers. — Waar sou ek kon eindig, indien ek moes voortgaan om van hierdie mense se invloed op die lewe van ons studente te vertel?

My klasmaats en tydgenote? Saam met my het my ou skoolmaats Recht Malan (later Hoofbestuurder van die Nas. Pers), Piet Ondendaal (skoolhoof), Wessel Steyn (skoolhoof), Grawie Steyn (onderwyser, vroeg oorlede), Danie Uys (mediese dokter) die eerstejaarskursusse geloop. En dan nog: Hendrik Verwoerd (wat die hele wêrld nou ken), Louis Steenkamp (wat ook nog geen onbekende is nie), Johann Buhr (onvergelyklik gevat en skerpssinnig, maar al te vroeg heengegaan), Hendrik van Eck ('n buitengewone student en 'n knap rygbypeler), Koos Conradie (nou die geliefde ds. Koos van die Groote Kerk), Betsie Verwoerd (toe Betsie Schoombee) en haar swartkopmaatjie Vosloo, A. C. Hofmann (Direkteur, Museum, Bloemfontein). Boonstra (Direkteur, Museum, Kaapstad). L. C. Steyn (Hoofregter van die Unie), Andrew Beyers (Appèlregter); en beslis my

seniors in 1919: Eben Dönges, Paul Sauer, Albert Hertzog (nou almal grootkoppe), Canis Scholtz (prof. Kaapstad), Fred Stander (oud-Adjunk-S.G.O. Kaapland), en nog soveel ander wie se name ek nou nie hier kan vermeld nie.

In die rustige vriendelike ou dorpie, op die Eersterivier se walle, met hoë berge al oomheen, en die twee ou brandwagte — aan die oostekant die Pieke, aan die weste Papegaaisberg — het 'n klein studentegemeenskap gelewe en gewerk en gewerskaf. 'n Eenvoudige lewenspatroon, 'n intiem geslote kring, innige verbondenheid vanweë 'n eensoortige aard en 'n gemeenskaplike doel — dit was die algemene milieu van ons studentebestaan. *Groot sake* was die gereelde debataande — veral in die Unie (vir mans alleen), maar darem ook in die Universiteitsdebatvereniging; die Intervarsity-debatte en voetbalwedstryde — want toe het Stellenbosch die beste voetbalspan in S.A. gehad, met manne soos Pierre Albertyn, Attie van Heerden, Johnnie Strasheim, Tenie Krige, Sas de Kock en Michau en regte voorspelers: Nic du Plessis, Fien Olivier, ou Mossie met die breë skouers, Gideon Roos, Paul le Grange (daardie onkeerbare derduwel!) e.a.

In die „stilflike“ (want ons het geen klank-

prente geken nie) was Charlie Chaplin darem maar „ons man“, en al wat 'n Afrikaanse toonelstuk is, het ons self opgevoer!

En ons C.S.V. en ons Moederkerk was vir ons almal 'n magtige inspirasie.

Groot geleenthede was ook dié wanneer ons kon luister na die persoonlike mededelinge deur groot manne uit die worstelyktyd. Ek dink maar aan genl. Jan Kemp, genl. Chris Muller, dr. Herman van Broekhuizen en dr. N. J. van der Merwe. Ons was die voorreg ook beskore om hom self te sien en te hoor — *Langenhoven*, prins onder ons skrywers en onbetwisbaar een van ons allerbeste volksredenaars.

Ons het ook prof. Jannasch (orrelis en hoof van die Conservatorium) en Hans Endler, Ivy Angove en Margaret Wandelt leer ken en waardeer.

Stellenbosch het vir ons inderdaad geword wat prof. Smith aan die einde van sy voortersverslag (aan die end van 1918) aan die Senaat gesê het:

„*Stellenbosch sal word 'n ware draer van die wetenskap, sowel as 'n vertolker van die siel van Suid-Afrika*“ (Vide Jaarboek 1919, p. 26).

Aan ons Alma Mater: 'n Dankbare groet en die allerbeste wense!



Só Bou hul Matieland

(Doenigheid van die huidige geslag Maties)

STUDENTE STEUN EEUFEESFONDS

BY geleentheid van 'n samespreking wat die Studenteraad met die Rektor en Vise-Kanselier op 25 April oor 'n verskeidenheid studenteaangeleenthede gevoer het, is deur die Voorstander van die Studenteraad, mnr. Gideon Boshoff, aangekondig dat die Studenteraad hom graag aktief met die Eeu feesfondsinsameling en die Langenhoven-Gedenksaal-en-Gemeenskapsentrumfonds wil vereenselwig. Die Studenteraad het gevvolglik besluit om aan alle studente die geleentheid te gee om 'n vrywil-


lige bydrae te doen wat dan gelyk-op tussen genoemde fondse verdeel sal word.

Dat dit die Studenteraad erns met die saak is, spreek uit die feit dat mnr. Boshoff reeds by hierdie samespreking 'n tjek ten bedrae van R640, synde 'n eerste bydrae van die Studenteunie tot die Eeu feesfonds, aan die Rektor, prof. H. B. Thom, oorhandig het.

Hierdie spontane gebaar is deur die Rektor aangeprys as aanduiding van die positiewe gesindheid van die Studenteraad en die Studente-unie as geheel teenoor die Universiteit en sy toekomstaak.

GESKIEDKUNDIGE FOTO.

Bygaande geskiedkundige foto van die Kanselier, Vise-Kanselier en Rektor van die Universiteit van Stellenbosch saam met die Studenteraad is by geleentheid van die Republiekfees, gereel deur die A.S.B., op 25 Mei vanjaar te Stellenbosch geneem.



Voor, v.l.n.r.: Mn. G. Boshoff (Voorsitter van die Studenteraad), prof. H. B. Thom (Rektor), Sy Edele dr. T. E. Dönges (Kanselier), ds. J. S. Gericke (Vise-Kanselier) en mn. P. Kapp.

Middel, v.l.n.r.: Mnre. T. Delport, P. Smit, F. Hanekom, mej. S. Mangold, mnre. P. Grobler en G. Pienaar.

Agter, v.l.n.r.: Mnre. G. Terblanché, J. Vosloo, H. Gilliomé en W. Esterhuyse.

OUD-MATIEBOND TAKKE

Dundee

VAN mn. G. v.d. M. Hanekom (B.A., 1948) het ons die verkwiklike berig ontvang dat daar 'n hele roering onder oud-Maties in die verre Noord-Natal aan die gang is. Groot dinge word vir 23 September in die mou gevoer wanneer 'n Oud-Matiefondtak te Dundee, as sentrale plek van byeenkoms, gestig sal word. 'n Lid van die Universiteitspersoneel sal spesiaal daarheen afreis om die saamtrek by te woon en die stigting waar te neem. (*Matieland* ontvang graag 'n verslag nie 23 September. — Red.)


Port Elizabeth

DIE Voorsitter van hierdie tak, mn. D. J. Visser, skrywe dat die algemene jaarvergadering op 14 April gehou is. Ongeveer sestig

„Benewens die kiesing van 'n nuwe bestuur het ons die rolprent „Matieland“ vertoon. Die pragtige rugbyveld van Coetzenburg, die ou Eikelaan en die Pieke het maar weer opnuut die hartsnare geroer. Die aftredende voorsitter, mn. P. J. K. Delport, het 'n kragtige beroep op oud-Maties gedoen om die Eeu feesinsameeling van die Universiteit gulhartig te steun. Die nuwe Bestuur“, gaan mn. Visser voort, „het reeds onderneem om in samewerking met die Universiteit 'n daadwerklike bydrae tot die veldtog te lewer.“

Pretoria

MNR. A. J. Esterhuyse, sekretaris van die tak Pretoria, deel *Matieland* soos volg mee: „Ons tak se Algemene Jaarvergadering het op 21 April plaasgevind. Hierdie vergadering was



By die Jaarvergadering van die Pretoriase Tak van die Oud-Matielbondtak, 21 April 1961. V.l.n.r.: Mnr. H. P. Dekker (Onder-Voorsitter), prof. dr. H. L. de Waal (Vise-President), dr. Thomas Boydell (gasspreker), dr. T. E. W. Schumann (Vise-President) en mnr Gideon Roos.

Daar was 150 lede teenwoordig. In die geledere van die ouere garde is onder andere die volgende opgemerk: Dr. P. J. du Toit (1905-1908), dr. M. M. Loubser (1909), dr. Louis Nel (1916-1920), dr. C. R. van der Merwe (1912-1913), dr. Jan Pienaar (1911-1913), dr. T. E. W. Schumann (1914-1917), dr. S. M. Naudé (1922-1925), mnr. Gideon Roos (1926-1932), dr. S. J. du Plessis (1926-1935) en mnr. H. P. Dekker (1925).

Die dienende Bestuur is eenparig herkies vir die volgende twee jaar. Mej. Ansie Preller (B.A. 1958) is as bykomende lid gekies.

Dr. Thomas Boydell het die uitgelese gehoor toegespreek oor toestande in Suid-Afrika en 'n toekomsblik. Spreker is deur mnr. Gideon Roos op bekwame wyse bedank". Aldus die mededeling van die sekretaris. (Intussen het *Matieland* ook geëerde besoek ontvang van mnr. H. C. Raubenheimer, voorsitter van die Pretoriatak. — Red.)

Sasolburg

'N TAK van die Oud-Matielbond is op 1 Maart op Sasolburg gestig, berig mnr. Jannie Bosch, die eerste sekretaris. Dit blyk dat daar nageenoeg 90 oud-Maties in dié nywerheidstad woonagtig is. Die sekretaris is warm op hul spoor op soek na adresse.

Die volgende persone vorm die eerste Bestuur: Mnre. J. J. Joubert, (M.Sc., 1950 M.Ed., 1953) voorsitter; J. P. de K. Mostert (B.Sc.B.Ing., 1957) onder-voors.; J. D. Bosch (B.Sc.B.Ing., 1959) sekr.; L. C. Ferreira (B.Sc. 1955) tesourier, en A. W. Smith (B.Sc. 1953),

Oos-Rand (Rom-Rom)

DIE jaarvergadering van hierdie tak op 22 April, het die vorm van 'n braavleisfunksie langs die Boksburgmeer aangeneem, deel die sekretaris, mnr. Ben Schmidt mee. Die Bestuur is soos volg saamgestel: Ds. Phil Loots, voorsitter; mnre. Koos Barnard onder-voorsitter, Ben Schmidt, sekretaris-tesourier, Jannie Gerber (Germiston), Christo Brink (Boksburg), Dirk van Niekerk (Alberton), Sakkie Dormehl (Brakpan), Dick Olivier (Springs), C. de Villiers (Nigel) en mej. Liesbeth Gildenhuys (Benoni), bykomende lede.

Bestuur van die Oud-Matielbondtak, Port Elizabeth: V.l.n.r.: Mnr. D. J. Visser (voorsitter), mej. S. Grobelaar, mnr. J. J. Ebersohn, mej. N. Jordaan, mnr. G. Huisamen (sekretaris) en mnr. De Mist van Zyl (penningmeester).



VAN HEINDE EN VERRE . . .

Dr. F. J. du Toit (B.A. 1921), 'n alumnus van die Universiteit van Stellenbosch, is op 17 Maart vanjaar in Bangkok oorlede terwyl hy op reis saam met 'n handelsending was. Wyle dr. Du Toit was 'n vooraanstaande ekonoom en was ten tyde van sy orlye Voorsteller van Sasol en Fosfor en Kanselier van die Universiteit van Potchefstroom.

Mnr. P. E. Rousseau (M.Sc. 1930), tot onlangs Besturende Direkteur van Sasol, is aangestel as Voorsitter van Sasol en 'n Direkteur van Fosfor.

Prof. dr. D. G. Franzsen (M.A. 1939, D.Phil. 1942), hoogleraar in die Ekonomie aan die Universiteit van Pretoria, is met ingang 1 Julie 1961 aangestel as Vise-president van die Reserwebank. Die Havenga-prys vir Ekonomie is so pas deur die S.A. Akademie vir Wetenskap en Kuns aan prof. Franzsen toegeken

Prof. dr. G. G. Cillié van die Universiteit van Stellenbosch het die eer te beurt gevall dat 'n kantate wat spesiaal deur hom vir die Inhuldigingsplegtigheid van die Staatspresident op 31 Mei vanjaar gekomponneer is, as voorspel tot die plegtigheid in die geskiedkundige kerk in Bosmanstraat, Pretoria, deur 'n uitgelese koor onder sy leiding uitgevoer is.

Mnr. H. N. Roux (B.A. 1919) het op 30 Junie na 40 jaar diens as onderwyser afgetree as hoof van die Amsterdamse Hoër Landbouskool. Mnr. Roux was agtereenvolgens assistent en vise-hoof aan die Ermelose Hoërskool totdat hy in Julie 1947 hoof van die Amsterdamse Hoër Landbouskool geword het.

Mnr. F. G. Barrie (B.Sc. in Bosb. 1936), voorheen Adjunk-sekretaris van Openbare Werke, is aangestel as Sekretaris van Immigrasie in die nuwe departement wat in die lewe geroep is.

Mnr. J. H. A. Koegelenberg (B.Sc. in Landb. 1952), is sedert April vanjaar Voorligtingsbeampte van die Departement van Landbou

op Moorreesburg. Mnr. Koegelenberg het voorheen in 'n soortgelyke betrekking op Mariental, S.W.A., gestaan waar hy 'n gebied van 30,000 vk. myl moes bedien.

Mnr. F. Calitz (M.Comm., 1958) het 'n betrekking aanvaar as senior lektor aan die Universiteitskollege vir Indiërs in Durban.

Mnr. W. J. Ross (B.Sc. B.Ing. 1960) is tans in Engeland waar hy 'n tweearige studiekursus volg.


Mnr. L. D. Wolfswinkel (M.Sc. in Landb. 1955) wat met 'n Koningin Victoria-stipendium aan die Universiteit van Londen gestudeer het, het in Junie laaslede die Ph.D.-graad in Botanie-Plantsiekteleer aldaar verwerf.

Die Kortkursus in Huishoudkunde wat in die eerste week van die pasafgelope wintervakansie op Stellenbosch gehou is, het die volgende oud-huishoudkundestudente byeengebring:

Mevv. Secunda Booyens (Joubert), Stellenbosch, Kitty Bredenkamp (Malherbe), Strand, By Fourie (Retief) (dosent), Stellenbosch, Sara Fourie (Esterhuysen), Stellenbosch, Bettie Gericke (Hugo), Stellenbosch, Leonore Heydenryck (Van Rensburg), Bellville, Marie Lange (Gerdener), Stellenbosch, Judy Lategan (Faul), Stellenbosch, Beatrice Loftus (Briers), Kraaifontein, Lottie Lötter (Sterrenberg), Grabouw, Jonnie Loubser (Van Zyl), Villiersdorp, Dorrie Maritz (Kruger), Stellenbosch, Jossie Murray (De Jager), Stellenbosch, Judith Naude (Jordaan), Hexrivier, Bertha Pienaar (Montgomery), Wellington, Elsabe Pool (Gericke), Malmesbury, Johanna Potgieter (Olivier), Stellenbosch, Mimsie Smit (Sieberhagen) (dosent), Stellenbosch, Alta Steyn (Bosman), Stellenbosch, Zora Swiegers (Smit), Malmesbury, Diedie Treurnicht (Bergmann), Riebeeck Kasteel, Sara van Eeden (Dippenaar), Ceres, en Christa van Heerden (Beukes), Stellenbosch.

Onder die nagenoeg 300 kursusgangers was daar ook nog talee oud-Maties wat op hul dag ander studierigtigs gevolg het.

Staal VIR **VOORUITGANG!**



Staal is die slagaar van vooruitgang in elke nywerheidsland. In Suid-Afrika word meer as driekwart van alle staalbenodigdhede geproduseer deur die Suid-Afrikaanse Yster en Staal Industriële Korporasie, Beperk, algemeen bekend as YSKOR.

Grootstaalse uitbreidings wat tans by YSKOR se reuse-werke in Pretoria en op Vanderbijlpark aan die gang is, sal die Korporasie se totale produksievermoë weldra verhoog tot 2,350,000 gietblokton staal per jaar. 'n Nuwe uitbreidingsprogram wat oor twaalf jaar sal strek en tussen R540 miljoen en R560 miljoen sal kos, is reeds aangekondig.

Groter staalproduksie beteken meer werk en meer arbeidskragte. YSKOR het die dienste nodig van chemiese, elektrotegniese, metallurgiese, mynboukundige en werktuigmindige ingenieurs, terwyl gegradeerdees in handel, lettere en wetenskappe in die onderneming se administratiewe en navorsingsdepartemente geplaas kan word.


Werknemers geniet die voordele van 'n pensioenskema, mediese bystand, 'n vakansiebonus, 'n huiseienaarskema, 'n groeplewensversekeringskema, ontspannings- en ander welsynfasiliteite. Verdere studie word aangemoedig deur die verskaffing van omvattende onderwysgeriewe.

Oorweeg u 'n loopbaan in die staalbedryf? Skryf dan om nadere besonderhede aan die Bestuurder, Departement Personeel.



**SUID-AFRIKAANSE YSTER EN STAAL
INDUSTRIËLE KORPORASIE, BEPERK
POSBUS 450**

PRETORIA



Elke Sigaret 'n Meesterstuk

Die tegniese vaardigheid van die ou meesters en hulle strewe na die beste, leef voort in die vervaardiging van Rembrandt VAN RIJN sigarette. 'n Volmaakte pakkie sigarette is die saamgestelde resultaat van talle klein verbeterings. In Rembrandt VAN RIJN is hierdie doel verwesenlik.

Dit is gemaak vir diegene wat liever rook vir genot as bloot uit gewoonte... en vir wie prys sekondêr is. As u 'n kieskeurige roker is, weet ons dat u meer genot uit VAN RIJN sal kry. Koop gerus nog vandag 'n pakkie VAN RIJN. Die wêreld se eerste lang sigaret met filtermondstuks... en die beste.

Rembrandt
VAN RIJN
FILTER DE LUXE

DIE WÊRELD SE EERSTE LANG SIGARET MET FILTERMONDSTUK

VRFA — 51 Q